

Die vrou, swangerskap en die dier in die kortverhaal “Katvoet” deur Riana Scheepers: ’n fenomenologiese ondersoek

Carien Smith

Carien Smith, nagraadse student, Departement Afrikaans, Universiteit van Fort Hare

Opsomming

In hierdie artikel word Riana Scheepers se verhaal “Katvoet” uit haar bundel *Katvoet* (2009) ontleed aan die hand van die fenomenologie met die klem op die vrou, haar liggaam en haar verhouding met ander, wat beide die menslike en die niemenslike (die dierlike en die natuur) insluit. Aspekte vanuit die teorieë van Edmund Husserl, Maurice Merleau-Ponty, Iris Marion Young en Simone de Beauvoir word as uitgangspunt gebruik om die ontleding te doen. Daar word veral aandag gegee aan die konsepte van die liggaam, die “belewende liggaam” (“lived body”), liggaamlike eienaarskap, dubbele sensasies, intersubjektiwiteit, die vrou, swangerskap, geboorte, die verhouding met die kind, asook die dier, die mens se verhouding met die dier, en die vrou en die natuur.

Die vrou se ervaring van haar liggaamlikheid, haar verhouding met diere teenoor mense, haar swangerskap, die geboorte en die verhouding met haar kind is die verskynsels wat sentraal in die ondersoek staan. Die betekenis van die vrou se ervaringe word eerstens ontleed ten opsigte van die betekenis van onder andere gesag, eienaarskap, vryheid en ’n vereenselwiging met ’n dierlike aard. Die vrou is die eenheidskepper van haar ervaringe, waar dit in hierdie geval sowel menslike as dierlike ervaringe insluit. Intersubjektiewe en interliggaamlike verhoudings sluit verhoudings met haar man, die kat, ander diere en haar kind in, en die betekenis van hierdie verhoudings word ondersoek. Daarna word die verskynsel van die vrou se swangerskap, die geboorte en die vrou se verhouding met die kind ondersoek. Die verhouding tussen die mens en die dier, en meer spesifiek, die verhouding wat die mens met die dier binne haarself het, kom aan bod. Naaktheid speel ’n belangrike rol in die onderskeid tussen mens en dier, ook in terme van die kennis van goed en sleg, en hierdie verskynsel word ontleed. Die ingewikkelde verhouding tussen die vrou en die natuur en die uitbeelding van die verhouding in die verhaal word ondersoek.

Trefwoorde: “belewende liggaam” (“lived body”); dier; Edmund Husserl; fenomenologie; Iris Marion Young; kat; “Katvoet”; liggaam; liggaamlikheid; Maurice Merleau-Ponty; naaktheid; Riana Scheepers; Simone de Beauvoir; swangerskap; vrou; vroulike liggaam

Abstract**The woman, pregnancy, and the animal in the short story “Katvoet” by Riana Scheepers: a phenomenological study**

The goal of this research is to present a phenomenological analysis of Riana Scheepers’s short story “Katvoet” (in *Katvoet*, 2009) by referring to the theories of Edmund Husserl, Maurice Merleau-Ponty, Iris Marion Young and Simone de Beauvoir. The word *katvoet* is a combination of the Afrikaans words for *cat* and *foot*, and is also an Afrikaans idiomatic expression referring to somebody walking carefully, or gently, and this already gives a perspective with regard to the nature of the story. An association between the human and animal takes place where the perceptions and experiences of the woman’s world and the animal’s world are assimilated, and phenomenology provides an interesting angle from which this can be analysed. This short story gives the opportunity for an interesting view on the different relationships of a woman: the relationship between woman and animal, woman and her body, woman and nature, woman and her unborn child, woman with her newborn child, as well as a woman’s relationship with the pregnant body.

Phenomenology studies the structures and types of experience that a human can have, from the first-person point of view (Smith and Thomasson 2005:1). “Intentionality” refers to the characteristic of an experience that it is an experience of some kind of object, emotion, memory or perception, and what particular meaning, or significance, this has to the human (Smith en Thomasson 2005:1). Husserl’s concept of the “lived body” refers to the idea that the body is active and living, and is the point of view from which the world is perceived; the body is the instrument that the human uses to synthesise and perceive the world (Cerbone 2006:101–6). According to Simone de Beauvoir human experiences are defined by the situation in which the human finds him- or herself, and this explains the way women’s experiences are defined by the situations and the structures that society constructs (Young 1990:42). Husserl’s *intersubjectivity* (*intersubjektivität*) refers to the subject’s interactions with other subjects, and the experiencing subject realises that she is not the only experiencing subject and that the world is shared with other experiencing subjects (Drummond 2007:114; Jensen 2013:ix).

In pregnancy a woman experiences her body as both Self and Other, simultaneously as subject and object. The inside and outside of her body becomes continuous and the boundaries of her body fluid. When the woman touches her pregnant waist she experiences a double sensation: her waist is both the Self and the Other, or the subject and the object, and when she touches her pregnant waist it is the touching of the subject, but also the touching of the subject-as-object (Young 1990:164). The foetus is both part of the woman’s body and the Self, but also separate, and therefore the Other (Rich 1976:47). During the birth process the boundaries between the inside and outside of the woman’s body are transcended and the ambivalent co-existence of the woman and the foetus ends.

According to Agamben (2004:26–7) it is the human’s inner animal nature and relationship with the animal that makes the human *human*; it is this inherent animal nature that has to be transcended for a human to be able to live as a human. The human can do this only by acknowledging the inherent animal: the “anthropological machine” is a tool through which the human can see the differences between herself and the animal and therefore acknowledge those aspects of herself that are animal (Agamben 2004:26–7). The characteristic that

differentiates humans from animals is that animals live nakedly without any consciousness of being naked, and therefore they also do not have any knowledge of good and evil (Derrida 2008:4–5). In nature the only animal experience is the experience of being naked, and therefore there is no distinction between nakedness and not being naked, whereas the human identifies that she will feel ashamed of being naked as she has a sense of nakedness, and therefore the human is shy about *not* being naked (Derrida 2008:5).

Phenomenologically the short story discussed offers the first-person perspective and the woman as focaliser through which the reader is directly exposed to the woman's experiences and the significances of her experiences. The woman's body is the "lived body" as she as woman attains all of her experiences, human and animal, through her body. The experiences in her body are unified through her and also through the meanings that the experiences have for her. The woman's experiences have mainly the meanings of authority, ownership, freedom and the association with an animal nature, and these meanings form part of that which creates her experience world. The woman's body is characterised by her active, living and experiencing practical involvement, and therefore the body can be described as the "lived body". In "Katvoet" the woman is intersubjectively involved with the cat, her husband, other animals, and her unborn child, as well as with the child just after birth. These relationships are complex and loaded with significance with different aspects of her subjective world that are drawn into different situations.

During her pregnancy the woman becomes aware of her body's ability to create and her relationship with her body changes. The relationship with the unborn child is simultaneously that of a relationship between the Self and the Other, subject and object, me and not-me, self and alien, the past and the future, as well as the inside and outside parts of her body; these dichotomies are reconciled and transcended through the woman's becoming-animal and her movements in nature as a liminal space. The woman's relationship with the animal in her is strengthened as she does not suppress her animal nature, and therefore the animals in nature accept her presence. Her behaviour becomes more animal throughout the short story, until she returns home after she has given birth to her child in nature and, to a degree, returns to the human world. There is, however, still an animal nature that is reflected in the final sentence of the short story.

The way that the woman and nature and their relationship are presented in the short story also leads to interesting insights about the concepts of *nature* and *woman*. Although the woman detaches herself from the patriarchal society by entering nature, one could ask whether the patriarchal structures are not actually being reinforced in the short story: the concepts and binary oppositions *nature* and *culture*, and *human* and *animal*, are humanly constructed concepts and oppositions that are reinforced by Western ideas and the patriarchal society. The almost idealised and romanticised way in which the woman and nature are depicted reinforces the woman's connection to nature, rather than a connection with culture, or society. Furthermore, it is rather the woman's body and her inherent animal nature that are connected to nature, and not the man's body or his potential animal nature; therefore it is a confirmation of society's constructions of the concepts of *nature* and *woman* as opposed to a presentation of culture that does not distinguish between *nature* and *culture*, and *man* and *woman*. Nature is defined in words and language, by man, and this is also reinforced and clear in the short story's use of language and descriptions. Furthermore, the relationship between the woman and animals is portrayed in a fairy-tale, mythical way, and this depiction of the animals and nature shows an anthropocentric and anthropomorphised representation

that stands in contrast to the woman's becoming animal. This and her relationship with animals are essentially represented from the human's perspective that is created by patriarchal language and culture.

This research provides a new perspective on the phenomenon of the body, bodily ownership, woman, the experience of pregnancy and the experience of the woman's pregnant body, and is significant in Afrikaans literature. Phenomenology offers an interesting perspective on these phenomena and a fresh angle for the analysis of a text.

Keywords: animal; body; cat; Edmund Husserl; embodiment; female body; Iris Marion Young; "Katvoet"; "lived body"; Maurice Merleau-Ponty; nakedness; phenomenology; pregnancy; Riana Scheepers; Simone de Beauvoir; woman

1. Inleiding

Riana Scheepers se kortverhaal "Katvoet" bied die geleentheid vir 'n interessante blik op die verskillende verhoudings van die vrou: die vrou met die dier, die vrou met die natuur, die vrou met haar liggaam, die vrou met haar ongebore kind, die vrou met haar pasgebore kind, asook die vrou met haar liggaam tydens swangerskap. Die doel van hierdie artikel is om "Katvoet" aan die hand van die fenomenologie te ontleed deur aspekte van die teorieë van Edmund Husserl, Maurice Merleau-Ponty, Iris Marion Young en Simone de Beauvoir as uitgangspunt te gebruik. Die titel "Katvoet" bied onmiddellik reeds 'n interessante insig ten opsigte van die aard van die verhaal: daar vind 'n vereenselwiging tussen die mens en die dier plaas waar die ervaringswêreld tydelik gelykgestel word, en die fenomenologie bied 'n interessante invalshoek waarmee hierdie verskynsels ontleed kan word.

Husserl se konsep van die "belewende liggaam" ("lived body") word ondersoek ten opsigte van die feit dat die vrou dierlike ervaringe deur haar vroulike, of menslike, liggaam verkry aangesien sy deur die inherente dierlike in haar ervaar. Die vrou word gesien as die eenheidskepper van haar ervaringswêreld en verenig haar ervaringe in haar liggaam-in-beweging, liggaam-in-tyd en liggaam-in-ruimte. Die betekenis van die vrou se ervaringe word ontleed, waaronder die betekenis van gesag oor die liggaam en aksies, eienaarskap oor die liggaam, vryheid van beweging, 'n inherente dierlike aard en moederlike aard raakgelees kan word.

Daar word ondersoek ingestel na die aard van die intersubjektiewe en interliggaamlike verhoudings in die verhaal: die verhoudings tussen die vrou en haar man, die vrou en die diere, en die vrou en haar kind. Die verskynsel van die vrou se swangerskap, haar verhouding met die ongebore kind, die geboorte en die verhouding met die pasgebore kind bied unieke ervaringe ten opsigte van liggaamlike eienaarskap, "dubbele sensasie"-ervaringe, die digotomieë tussen subjek en objek, Self en Ander, die binneste en buitenste ruimtes van die liggaam, ek en nie-ek, verlede en toekoms, en eie en vreemde. Die vrou in die verhaal "Katvoet" het 'n unieke wyse waarop sy hierdie digotomieë benader.

Die vrou se verhouding met die dier word volgende ondersoek. Agamben (2004:26–7) se konsep van die "anthropological machine" beskryf die verhouding tussen die mens en die dier: die mens moet sy innerlike dierlikheid erken en aanvaar om dit uiteindelik te

transendeer om as mens te bestaan. Die verskil tussen die mens en die dier is die dier se naaktheid, onkunde van goed en sleg as gevolg van die dier se naaktheid, en die onkunde oor die dier se naaktheid. Hierdie konsep word ook ontleed aan die hand van die vrou se rol teenoor die dier en die rol van naaktheid in die verhaal.

2. Fenomenologie

Fenomenologie is die studie van die strukture van ervarings en die bewussyn in die eerstepersoonsperspektief: dit is die studie van die verskynsel van objekte, of die manier waarop objekte of ervarings aan die ervarende subjek verskyn (Smith en Thomasson 2005:1). Fenomenologie fokus veral op tipes ervarings wat bestudeer kan word; byvoorbeeld sintuiglike of perseptuele ervarings soos reuke, tasbaarheid en sig, of ander tipes ervarings soos aksies, gedagtes, emosies, die geheue, linguïstiese aksies en die verbeelding (Smith 2013). Die "intensionaliteit" ("intentionality") van 'n ervaring verwys na die unieke eienskap van 'n ervaring dat dit 'n ervaring van 'n spesifieke objek, gebeurtenis, emosie, herinnering, en so meer is en dat hierdie ervaring 'n spesifieke betekenis dra (Smith en Thomasson 2005:8). Fenomenologies bring die subjek al haar ervarings byeen, is sy bewus van haarself in al haar ervarings en is sy bewus van die objekte van haar ervarings; dus is die subjek die eenheidskepper van al haar ervarings deur die betekenis wat die objekte van die ervarings vir haar as ervarende subjek het (Cerbone 2006:6).

3. Die liggaam

Die subjek se liggaam is ineengevleg met haar bestaan as 'n bewustelike wese (Cerbone 2006:104). Husserl se belewende liggaam verwys nie na die liggaam as 'n organisasie van oorsaaklike geleiers van gewaarwordings wat na beide lewende en nielewende organismes (*Körper*) kan verwys nie, maar na 'n bepaalde liggaam wat 'n aktiewe, lewende, ervarende liggaam (*Leib*) voorstel (Cerbone 2006:101; Drummond 2007:64; Jensen 2013:viii; Merleau-Ponty 2005:92). Hierdie bepaalde liggaam is die belewende liggaam en is ook die liggaam wat ervaar en wat die lewende sentrum van die subjek se bestaan vorm (Jensen 2013:viii). Alhoewel die liggaam dieselfde as ander fisiese voorwerpe is vanweë die tasbare dimensie, is die liggaam verskillend aangesien dit lewende, ervarende en affektiewe onderdele besit (Cerbone 2006:107; Smith 2013).

Die belewende liggaam word beskryf as 'n "localized field of sensations": die ruimte waarop en waarin die gewaarwordings plaasvind (Cerbone 2006:104). Die belewende liggaam kan ook nie 'n objek vir die ervarende subjek wees nie, aangesien die ervarende subjek al haar ervarings deur die liggaam verkry (Cerbone 2006:101). Die belewende liggaam word verstaan in terme van haar praktiese betrokkenheid by die wêreld en die liggaam bevind haar in 'n ruimte wat eksistensiële betekenis dra wat bepaal hoe die liggaam en die mens die wêreld ervaar en die wyse van bestaan teenoor die objekte in die wêreld (Cerbone 2006:102). Perseptuele interaksies van die subjek word bemiddel deur die liggaam, wat die subjek is. Die belewende liggaam is die liggaam soos wat die liggaam in alledaagse perseptuele interaksies ervaar word (Smith 2013). Die eerstepersoonsperspektief van die wêreld (wat die fenomenologie kenmerk) is dus nooit 'n perspektief wat vanaf nêrens kom nie; dit is altyd

beliggaam, in die ervarende subjek, in aksie en konteks met die objek van die ervaring (Gallagher 2014).

Volgens Simone De Beauvoir (in Young 1990:142) word menslike ervarings en die menslike bestaan gedefinieer deur die situasie waarin die mens haar bevind; daarom word die vrou gedefinieer deur die kulturele, geskiedkundige, sosiale en ekonomiese beperkinge waarin sy geplaas is. Om die vrou se liggaamlikheid en toestand te verklaar deur te verwys na 'n basiese "vroulike essensie" is om die vrou se toestand as onverklaarbaar uit te maak (Young 1990:142). De Beauvoir se beskrywing van die vrou se belewende liggaam en die vrou se liggaamlikheid plaas die klem meestal op die vrou se fisiologiese eienskappe (Young 1990:142). Vroulikheid ("femininity") word deur De Beauvoir beskryf as die toestande en strukture in bepaalde situasies en 'n bepaalde samelewing waarin die vrou haar bevind, asook die wyse waarop die vrou in die bepaalde situasies leef (De Beauvoir 2011:639; Young 1990:144). Hierdie definisie maak dit moontlik om te sê dat sommige vrouens wel die vermoë het om die tipiese situasie te transendeer (Young 1990:144).

Iris Marion Young (1990:144) se aanname is dat daar 'n bepaalde styl van liggaamlike gedrag is wat tipies is van die vroulike bestaan. Bepaalde modaliteite van die toestande en strukture van die liggaam se bestaan in die wêreld is kenmerkend van hierdie styl van liggaamlikheid (Young 1990:144). Daar is 'n dubbelsinnigheid aan die vrou se bestaan: as 'n mens word die vrou as 'n vrye subjek beskou wat in staat is tot transendensie, maar haar situasie as vrou ontken dat sy hierdie transendensie kan uitleef of nastreef (Young 1990:144). Young (1990:147) onderskei drie modaliteite van vroulike beweging: eerstens 'n dubbelsinnige transendensie ("ambiguous transcendence"), tweedens 'n geïnhibeerde intensionaliteit ("inhibited transcendence") en derdens 'n onderbroke eenheid ("discontinuous unity") met die omliggende (Young 1990:147).

Dubbelsinnige transendensie verwys na die feit dat die vrou se transendensie terselfdertyd gelaai is met immanensie: die belewende liggaam van die vrou begin nie net in immanensie en transendeer die immanensie nie; die vroulike liggaam is beperk deur 'n inherente ervaring van immanensie (Young 1990:148). *Geïnhibeerde intensionaliteit* verwys na die beperking van die vroulike liggaam deur die subjek se ervaring dat die subjek nie die aksie suksesvol kan uitvoer nie (Young 1990:148). Die derde modaliteit van die vroulike liggaam is die *onderbroke eenheid* met die omliggende: die vrou se beweging in haar liggaam is onderbroke en daarom onderbroke met die omliggende (Young 1990:150). Wanneer die vrou beweeg, gebruik sy nie haar volle liggaam nie, maar slegs gedeeltes daarvan, en daarom is die liggaam se eenheid onderbroke en die liggaam se eenheid met die omliggende ook onderbroke (Young 1990:150). Die begroning van die drie modaliteite lê in die feit dat die vroulike bestaan die liggaam ervaar as bloot nog 'n onderwerp in die wêreld (Young 1990:150).

Merleau-Ponty plaas ervaring in die middelpunt tussen liggaam en "mind"; hierdeur dra hy by tot die feministe se aanslag teen tradisionele binêre opposisies wat die vrou met die swakker opposisie vereenselwig (in Grosz 1994:95). Hierdeur wys Merleau-Ponty daarop dat ervarings beide met die mens se bewussyn te doen het, maar dat ervaring ook altyd noodwendig met die liggaamlikheid van die mens verband hou (Grosz 1994:95). In Merleau-Ponty se laaste teks, *The visible and the invisible* (1968), verwys hy na "the flesh" – die vlees: hierdie term word aangebied om die gronde en voorwaardes te skep om onderskeid te tref tussen self en ander, subjek en objek, en "mind" en liggaam (in Grosz 1994:95). Hierdie laaste teks van Merleau-Ponty ondersoek die verhoudings tussen die subjek en die objek, die

innerlike en die uiterlike, waar die een gewaarwording is en die ander in vlees, of beliggaam, is (in Grosz 1994:95).

3.1 Liggaamlike eienaarskap

Die liggaam word nie deur die subjek ervaar as 'n versameling organe wat in ruimte naas mekaar bestaan nie, maar as 'n objek waaroor die subjek onverdeelde eienaarskap het; en elke liggaamsdeel is ingesluit in die subjek se “liggaamsbeeld”, wat in hierdie konteks verwys na die bewustheid van postuur en die verhoudings tussen liggaamsdele in die sintuiglike en tussensensoriese wêreld, maar ook die liggaam-in-beweging, liggaam-in-tyd en liggaam-in-ruimte (Merleau-Ponty 2005:113–4, 173). Die subjek is die eenheidskepper van haar liggaam en bring al die afsonderlike liggaamsdele saam onder een ervaring van beweging, tyd en ruimte (Merleau-Ponty 2005:173).

Volgens Husserl se terminologie is die liggaam die middelpunt van die subjek se ervaring van “ek kan” (“ich kann”) en verwys na die subjek se vermoëns en die mag oor bewegings wat deur haar liggaam uitgevoer word (Jensen 2013:ix). Die liggaam is volgens Merleau-Ponty en Husserl (in Jensen 2013:ix) die sentrale teenwoordige verwysingspunt vir alle ervarings as die orgaan waarmee die waarneming plaasvind, alhoewel die liggaam terselfdertyd absoluut nieteenwoordig is in die ervaringe, aangesien die aandag op die objek van die ervaringe is en nie op die ervarende subjek nie. Die liggaam bepaal die subjek se verhouding teenoor ander objekte en is die verwysingspunt vir objekte wat in ruimte rondom die subjek geleë is; die objekte rondom die subjek sal op 'n bepaalde wyse ervaar word as gevolg van die wyse waarop die subjek haar liggaam as liggaam-in-beweging, liggaam-in-tyd en liggaam-in-ruimte ervaar (Cerbone 2006:102).

3.2 Dubbele sensasies

Die liggaam word gekenmerk deur sy vermoë om dubbele sensasies aan die ervarende subjek te verskaf deur tegelyk sowel objek as subjek te kan wees (Merleau-Ponty 2005:106). In die geval waar 'n persoon haar eie hand vashou, is sy tegelyk bewus daarvan dat sy iets (haarself) aanraak en aangeraak word (deur haarself) en dit is 'n dubbelsinnige situasie (Merleau-Ponty 2005:106). Dieselfde hand wat iets aanraak (dus subjek is), kan terselfdertyd ervaar word as die hand wat aangeraak word (objek is), aangesien dit die subjek se liggaam is. Die liggaam verkeer in 'n kognitiewe proses asook 'n handeling: die liggaam probeer om haarself aan te raak terwyl sy aangeraak word (Merleau-Ponty 2005:107).

3.3 Intersubjektiviteit

Husserl se *intersubjektiviteit* (*Intersubjektivität*) verwys na die subjek se wisselwerking met ander ervarende subjekte wat in een of ander vorm van 'n verhouding met die subjek staan, of dit teenstrydig of in samewerking mag wees (Drummond 2007:114; Jensen 2013:ix). Die ervarende subjek besef ook dat sy nie die enigste ervarende subjek is nie en dat sy nie die wêreld privaat ervaar nie, maar dat die wêreld met ander ervarende subjekte gedeel word. Die mens is 'n beliggaamde, intensionele subjek (“embodied, intentional subject”) wat op 'n onverminderbare en ingewikkelde wyse volstrek verbind is “in a world that is loaded with significance, overlain with fantasy, imagination, memory and all kinds of projection” (Jensen 2013:viii). Jensen (2013:viii) beskryf beliggaamde intensionele subjekte as “expressive,

meaning-construing and meaning intending beings” wat in hierdie betekenisgelaaide wêreld verbind is.

Die self ervaar ander diere en mense deur ’n wisselwerking met hulle lewende liggame en hierdie wisselwerking vind in alle ruimtes en te alle tye plaas. Die verhouding tussen die lewende beliggaamde subjekte in die wêreld is interliggaamlik (Jensen 2013:vii, viii). Alle liggaamlike bewegings, funksies en behoeftes transendeer die tasbare ruimte en is saamgevat in ingewikkelde betekenisgelaaide simboliese bepalings; die liggaam is te alle tye betrokke in meer ingewikkelde betekenisvormende bewegings as slegs dit wat tasbaar en vanselfsprekend is (Jensen 2013:ix). ’n Soen kan bloot ’n soen wees en terselfdertyd kan dit gebruik word om ’n rituele of wetlike daad uit te voer. Die betekenis van die daad word bepaal deur die gepaardgaande omstandighede asook die betekenis wat dit vir die ervarende subjek inhou (Jensen 2013:ix).

4. Die vrou, swangerskap en geboorte

Moederskap word beskou as die fisiologiese eindbestemming van die vrou; dit is haar natuurlike roeping, aangesien haar hele biologiese organisme gerig is op die voortbestaan van die mensdom (De Beauvoir 2011:524). Daar word na ’n swanger vrou verwys as “verwagting”, wat ’n passiewe en onaktiewe wagperiode voorstel (Young 1990:167). Dit sluit egter die swanger subjek vir wie dit ’n tydperk van verandering, beweging en groei is, se ervaringe uit (Young 1990:167). Die ervaring van swangerskap bied ’n unieke tydelike proses van groei waarin die vrou haarself ervaar as gesplete wese: tussen die verlede en die toekoms, ek en nie-ek, subjek en objek, Self en Ander, eie en vreemde, en terselfdertyd tussen die binneste en buitenste ruimtes van haar liggaam (Ey, Natanson en Straus 1969:29; Young 1990:160). Swangerskap is ’n ervaring van ’n proses van verandering in die vrou se liggaam en liggaamlike prosesse: fisies word die vrou se liggaam anders as wat haar liggaam van tevore was (De Beauvoir 2011:538; Young 1990:162). Die veranderinge vervreem die vrou en is terselfdertyd ’n bron van fassinatie vir haar. Die vrou ervaar haar liggaamlike subjektiwiteit gedentraliseer; ’n ervaring van die Self in ’n liggaamlike vorm en wyse wat nie die Self is nie (Young 1990:162).

Deur haar swangerskap is die vrou nie meer ’n objek wat onderwerp word deur ’n subjek nie en is sy die ambivalente werklikheid van die lewe self (De Beauvoir 2011:539). Volgens De Beauvoir (2011:539) is haar liggaam uiteindelik ten volle haar eiendom; haar liggaam is die eiendom van die kind en daarom haar eiendom, en die samelewing erken hierdie eienaarskap. Hierteenoor is dit Young (1990:160) se mening dat die swangerskap as sodanig egter nie aan die vrou self behoort nie, aangesien die vrou ’n passiewe instrument word in die skeppingsproses van lewe. Haar ervaring is dat sy self die wese binne-in haar skep, alhoewel die fetus haarself skep en sy bloot net ’n instrument en vaartuig is in die skeppingsproses wat ’n objektiewe, wetenskaplik waarneembare proses word (Young 1990:160, 167).

Die baarmoeder is ’n liminale ruimte waarin die fetus ontwikkel en die vrou word werklik eers tydens swangerskap bewus van hierdie ruimte wat deel van haar liggaam is. Hierdie ruimte is die beginpunt van ’n essensiële verandering in die vrou se bestaan. Die vrou se eenheidservaring sal nou gesplete wees tussen haarself as subjek en die fetus wat binne haar ontwikkel as objek, maar wat steeds ook subjek is (Blake, Jardine en Kristeva 1981:31).

Swangerskap bied dus 'n uitdaging vir Merleau-Ponty en Husserl se idee dat die subjek die eenheidskepper van haar ervaringe in haar liggaam is en onverdeelde eienaarskap oor die liggaam het, aangesien die swanger subjek haarself as gesplete subjek ervaar (Jensen 2013:ix; Young 1990:162).

Die ervaring van swangerskap is beide 'n verryking en 'n verminking. 'n Nuwe bestaan manifesteer in haar liggaam en haar eie bestaan word daardeur geregverdig en terselfdertyd gaan die nuwe skepping haar bestaan verswelg, beheer en besit (De Beauvoir 2011:538). Die vrou se ervaring van haar liggaam kan tegelyk positief én negatief wees, soms in harmonie met haar wees en ander tye 'n uitdaging stel. Soms is die liggaam die uiterste Ander en pynlik in sy teenwoordigheid, terwyl die liggaam te ander tye integraal funksioneer, sonder enige teenstrydighede tussen die Self en die Ander (Young 1990:164). Die swanger liggaam word tegelyk deur die vrou as subjek en objek ervaar, as deel van haarself en ook 'n vreemde objek aangesien die fetus binne die vrou se liggaam deel is van haar liggaam en tog nie deel is van haar liggaam nie (Young 1990:162). Die binneste bewegings van haar liggaam behoort aan 'n ander wese, maar terselfdertyd is dit nie die Ander nie, aangesien haar liggaamlike integrasie gefokus is op haar middellyf én haar kop (Young 1990:160).

Met swangerskap vervaag die grense tussen dit wat binne-in die vrou se liggaam is en dit wat buite, of afsonderlik, is, en hierdie ruimtes word nie meer as afsonderlike pole gesien nie, maar eerder as 'n aaneenlopende ruimte (Young 1990:163). Die innerlike van die vrou se liggaam word 'n tasbare werklikheid in die uiterlike deur die verandering van haar liggaam se vorm en bou. Die integriteit van die liggaam word ondermyn in swangerskap, nie net as gevolg van die omgekeerde ervaring van dit wat binne en dit wat buite is nie, maar ook aangesien die grense van die vrou se liggaam self ook vloeibaar word: met die swangerskap weet die vrou nie meer presies waar die grense van haar eie liggaam is en waar die wêreld begin nie (Young 1990:163).

Wanneer die swanger vrou haar geswolle middellyf aanraak, is dit 'n dubbele-sensasie-ervaring (Young 1990:164). Die middellyf is tegelyk die Self en die Ander, of die subjek en die objek, en die aanraking is dus die aanraking van die subjek asook die subjek-as-objek. Indien die liggaam as verwysingspunt dien van waar alle ervaringe ervaar word, bied dit 'n dubbelsinnigheid, aangesien die fetus in die vrou se liggaam is en deel van die subjek is en terselfdertyd ook 'n afsonderlike objek is, aangesien dit die objek van haar aandag en sorg is. Wanneer die vrou die fetus se bewegings binne-in haar voel, is dit 'n ervaring dat dit haar sensasies is en ook nie haar sensasies is nie (Rich 1976:47).

Met die eerste bewegings van die fetus ondergaan die liggaam 'n skeidingsproses en die subjek is nou tegelykertyd subjek én objek. 'n Fundamentele uitdaging tot identiteitskepping vind plaas waarin die vrou haarself moet herskep tot 'n mens wat sy herken. Die Self en die Ander ondergaan elke dag 'n meerdere mate van 'n skeiding en elke dag word die twee meer afsonderlik (Young 1990:163). Dit is met die geboorteproses dat die grense tussen binne en buite, Self en Ander, subjek en objek, en ek en nie-ek die meeste opgehef word (De Beauvoir 2011:547; Young 1990:163). Die ambivalente eenheid wat tussen die fetus en die vrou bestaan het, kom tot 'n einde.

5. Die dier

Volgens Agamben (2004:26–7) is dit die mens se innerlike dierlikheid en verhouding met die dier wat die mens uiteindelik mens maak en dit is hierdie dierlikheid wat transendeer moet word om in die teenswoordige menslikheid te leef. Die mens moet homself as 'n mens herken om 'n mens te wees en hy kan dit doen slegs deur die dier te herken en homself in die dier te herken (Agamben 2004:26). Die “anthropological machine” is 'n meganisme waardeur die mens deur 'n aantal spieëls kan kyk om 'n refleksie van die Self te kan sien as gevolg van die verskille tussen die Self en die Ander; homo sapiens is nie net 'n spesie nie, maar eerder die antropologiese masjien wat die verhouding tussen mens en dier binne-in die mens self beskryf (Agamben 2004:26–7). Die mens sluit die dier in deur die dier uit te sluit (Toadvine 2014:23–4). Dit beteken dat die mens die dierlike binne-in die Self moet bedwing. Verder dui dit op die verhouding van insluitende uitsluiting: die dierlike lewe binne-in die mens is deel van die mens, maar dit kan nie saamgevat word met die menslike natuur nie en moet dus deur die mens beheer word (Toadvine 2014:22, 26).

Die dier bly absoluut ingewef in sy dierlike natuur en sy biologiese dryfkragte, terwyl die mens homself kan distansieer en losmaak van sy biologiese lewe om objektiewe perspektiewe op die wêreld te verkry en waardes na te streef wat teenstrydig is met sy inherente natuur en biologiese dryfkragte (Toadvine 2014:27). Dit gaan oor die dierlike eienskappe wat inherent in die mens teenwoordig is en nie net oor die verhouding tussen die mens en die dier nie, maar ook die mens se ervaringe van die dierlike natuur as oorsprong en 'n aaneenlopende erfenis wat transendeer moet word om as 'n mens in die hede te leef (Toadvine 2014:23). In sy natuurlike toestand identifiseer die mens egter met sy dierlike self en indien hierdie identifisering korrek is, beteken dit dat die mens die wêreld deur sy dierlike natuur waarneem; die mens ervaar die wêreld deur die oë, pote, mond en wese van die dier wat inherent in die menslike natuur is (Merleau-Ponty 2005:224). Indien die beliggaamde mens in die oë van 'n dier kyk, beteken dit dat die inherente dier in die mens in die oë van die dier kyk (Toadvine 2014:26).

Die eienskap wat uniek is aan diere, wat hulle onderskei van die mens, is dat hulle naak is sonder dat hulle dit besef; hulle dra nie kennis van hulle naaktheid nie en daarom ook nie kennis van goed of sleg nie (Derrida 2008:4–5). Indien die dier nie kennis het van sy naaktheid nie, beteken dit dat die dier egter juis nié naak is nie. Klere, of om aan te trek, is een van die eienskappe van die mens en maak deel uit van wat dit behoorlik maak om 'n mens te wees. Dit is slegs die mens wat homself met klere aantrek (Derrida 2008:5). Daar is dus geen naaktheid in die natuur nie en die dier is naak sonder om as naak as sodanig te bestaan, aangesien die dier naak is maar homself nie as naak ervaar nie (Derrida 2008:5). In die natuur is daar slegs die ervaring (bewustelik of onbewustelik) om in naaktheid te bestaan (Derrida 2008:5). Die mens is mens slegs in sy vermoë om te identifiseer dat hy skaam sal voel indien hy naak sal wees en daarom is hy skaam om nié naak te wees nie (Derrida 2008:5). Die mens kan nie meer naak wees nie, aangesien hy die sin van naaktheid het en daarom skaam sal wees om naak te wees. Die dier is in sy nienaaktheid omdat hy naak is, en die mens is in sy naaktheid omdat hy nienaak is (Derrida 2008:5).

6. Die vrou en die natuur

Die bekende aanhaling deur Simone de Beauvoir: “One is not born, but rather becomes, woman” (in De Beauvoir 2011:283) dui op die ingewikkelde verhouding tussen die konsepte *vrou*, *vroulike natuur* en *natuur*, en die rol wat die samelewing (of kultuur) speel in die skepping van hierdie konsepte. Die aanname wat sy maak is dat dit die samelewing is wat die vrou se rol in die samelewing skep en daarom die vrou se genderrol beskryf. Hierdie aanname werp dan die fokus op die vraag of die vrou ’n “vroulike natuur” het en of die “vroulike” werklik eerder deur die samelewing geskep word. Die algemene aanslag in die feministiese teorieë is om die vrou uit die stilstand, reduksionisme en essensialisme te red deur die vrou te verwyder van die natuur (Alaimo en Hekman 2008:4). Verder word natuur meestal uitgebeeld as eenvoudig, oningewikkeld en onontwikkeld, terwyl die samelewing, en kultuur, as verwickeld en ontwikkelde uitgebeeld word (Love 2003:23). Dit beteken dat die vrou, deur die verbintenis wat met die natuur geskep word, ook as eenvoudig en onverwickeld, of ontwikkelde, beskou word.

Taal (en die Westerse kultuur) is een van die middele wat gebruik word om die vrou te naturaliseer en te verdierlik (Warren 2015). Die vrou en die natuur word as die man en die samelewing (of kultuur) se onderdaan beskou. Deur taal word die vrou ook met die natuur geassosieer: die natuur word beskryf as “Moeder Natuur” en ’n vrou word soms beskryf as ’n “kat” of ’n “tierwyfie”. Behalwe die feit dat daar nog talle voorbeelde van sulke name is, is dit nie net ’n verskynsel wat in Afrikaans voorkom nie: in Engels is daar “dumb bunny”, “cow”, “old bat” ens. Mans word soms ook beskryf deur die gebruik van woorde wat na diere of na die natuur verwys, maar die verskil lê daarin dat die woorde wat vrouens beskryf, en die natuur as vroulik beskryf, anders funksioneer as die woorde wat gebruik word om mans te beskryf (Warren 2015). In ’n patriargale konteks funksioneer die woorde wat vrouens beskryf om die vrou as die man se onderdaan te bevestig en die ongeregverdigde onderdrukking van die vrou te regverdig (Warren 2015).

7. Die kat se voet

“Katvoet” (Scheepers 2009:150) is die verhaal van die stelselmatige verandering van ’n vrou se ervaringe van haar liggaam en liggaamlikheid en verhouding teenoor ander: in die nag staan sy op uit die bed en stap op die plaas in die Kalahari. Elke nag stap sy verder en haar sintuiglike waarneminge verskerp. Die vrou se waarneminge van haar menslikheid, inherente dierlikheid en liggaamlikheid verskerp ook. Tydens haar wandeling verander haar verhouding met die diere op die plaas. Aan die begin is die diere skrikkerig vir die vrou en later aan kom hulle nader aan haar en aanvaar haar teenwoordigheid, asof sy een van hulle is. Later aan trek die vrou haar klere heeltemal uit wanneer sy gaan stap. Die vrou en haar man het omgang en die vrou word swanger. Ten spyte van haar swangerskap hou sy aan om in die nag te stap. Sy gee uiteindelik geboorte in die natuur, op een van haar nagtelike wandelinge. Na die geboorte kom roofdiere nader en dreig om haar en die kind aan te val, maar van die ander diere pas haar en die kind op tot sonsopkoms. Sy loop terug na die huis en klim by haar man in die bed met haar pasgebore kind.

In die teks vind daar gelyktydig ’n proses van progressie en regressie plaas. Die vrou word al hoe meer dierlik en dus is daar progressie, maar terselfdertyd verloor sy haar menslikheid en

regressie vind plaas. Hierdie prosesse vind egter nie ter uitsluiting van mekaar plaas nie, maar eerder gelyktydig. Die grense tussen die menslike en dierlike vervaag mettertyd, maar teen die einde van die teks is daar tot 'n mate 'n terugkeer na die menslike wêreld, alhoewel die vrou se dierlikheid erken word deur die uiteindelijke vereenselwiging met die dierlike aard: "Ek is die vrou wat wellustig spin, al my luste in die donker nag bevredig" (157).¹

Die verhaal is verdeel in tien gedeeltes, waarvan die eerste gedeelte die derdepersoonsvorm gebruik. Hierdie deel gee 'n beskrywing van die vrou se ervaringe van die kat wat in die aand by haar en die man in die bed kom slaap ná die kat se "middernagtlike jagtog" (150). Alhoewel hierdie gedeelte in die derde persoon geskryf is, is dit 'n alwetende verteller en kan dit beskou word as die vrou se perspektief aangesien sy die fokalisator is. Die vrou vertel: "Die kat ruik na klam grond en boesmansgras", wat 'n aanduiding van die kat se liggaamlike verbondenheid aan die natuur is (150). Die vrou is nuuskierig oor die kat se middernagtlike uitstappies. Daarna volg 'n beskrywing van die twee persoonlikhede, of nature, van die kat. Eerstens, die nagtelike persoonlikheid: "Snags word sy 'n swerfkat, 'n teef, 'n wolvin, 'n glimmende roofdier wat groen na haar prooi gluur en dit geluidloos bespring", teenoor waar die kat "bedags beeldskoon en afsydig op die vensterbank van die voorhuis sit, kop hoog en rysig opgelig, stert in 'n elegante halfsirkel gevou, die oë koper skrefies teen die son" (150). Hierdie teenstelling van die twee inherente nature manifesteer ook uiteindelik in die vrou se karakter waar sy snags 'n tipe roofdier of 'n swerfkat word.

Die "ek is die vrou"-frases word tien maal herhaal en werk inleidend tot die gedeeltes wat volg, alhoewel die laaste "ek is die vrou"-frase alleen staan. Die herhalende woorde "ek is die vrou" wys ook dat die vrou identifiseer met haar identiteit as vrou. Met elke gedeelte na hierdie herhalende frases word die grense tussen die mens en dier al hoe vaer en teen die derde gedeelte loop die vrou "katvoet" (153). In hierdie gedeelte is haar ervaringe deur middel van die dier (die "katvoet") baie sterk en haar ervaringe en waarneminge is volkome deur die dierlike wat inherent in haar is. Die verhaal sluit met die eerste persoonsvorm wat die dierlike aard van die vrou bevestig: "Ek is die vrou wat wellustig spin, al my luste in die donker nag bevredig" (157).

7.1 Titel: "Katvoet"

Die titel "Katvoet" dui tegelykertyd op die niemenslike liggaam, of die dierlike ("kat"), en die menslike liggaam, deur die "voet"-komponent. Dit blyk dus dat daar 'n samesmelting tussen die menslike liggaam en ervaringswêreld, en die dierlike liggaam en ervaringswêreld plaasvind. Eerstens ervaar die mens (as mens) deur die menslike liggaam. Tweedens ervaar die mens deur middel van die kat: deur die menslike voete word daar dierlike ervaringe beleef en dit word ervaar as deel van die *ek dink* en *ek ervaar*. Terselfdertyd is daar sprake van die *ons ervaar*, of *ons dink*, beliggaam as mens en dier in dieselfde liggaam. Die menslike voete is egter tegelykertyd ook die dierlike liggaam (die kat se voete, of pote), en die mens kry direkte belewenisse van die dierlike.

Die titel dui daarop dat die vertelling nie net vanuit die ervaringswêreld en bewussyn van die mens nie, maar ook vanuit die ervaringswêreld, bewussyn en bewuswording van die kat plaasvind. Die ervaringswêreld en bewussyn van die mens is nie meer voldoende vir die soort ervaringe waaraan die vrou blootgestel word in haar nagtelike wandeling nie en dit is kritiek dat sy ingestel sal wees op haar inherente dierlike natuur. Die niemenslike (die kat) kry die vermoë om te ervaar asof die kat 'n mens is met die vermoë tot logiese denke en die mens kry

die vermoë om te ervaar soos 'n dier. Op hierdie manier vervaag die grense tussen mens en dier en die een kry toegang tot die ander se ervarings en die betekenis van die ervarings. Die vrou as subjek in die verhaal word gelykgestel aan die dier en hulle word omruilbaar, aangesien die ervaringswêreld van die vrou (menslik) en dier (niemenslik) tydelik dieselfde word.

Die titel “Katvoet” dui verder daarop dat die mens in hierdie verhaal nie noodwendig ingewoef is in 'n menslike sosiale, kulturele en politieke omgewing nie, maar dat daar eerder 'n dierlike en natuurlike element ter sprake is. Die vrou word deel van die dierlike en natuurlike wêreld tydens haar nagtelike wandeling en hoe langer en verder sy stap in die aande en hoe meer die diere haar aanvaar as deel van hulle wêreld, hoe meer word sy deel van hierdie ander wêreld wat buite die menslike raamwerk lê. Die bestaan van die dier dui ook op die bestaan van die natuur en die mens se posisie teenoor die natuur; die Self (mens) teenoor die Ander (dier of natuur) en die subjek (mens) teenoor die objek (dier of natuur). In “Katvoet” word die grense tussen die Self (mens) en die Ander (beide die dier en die natuur) dus opgehef.

Die woord “kat” word sewe maal gebruik in die eerste gedeelte van die teks, waar dit hoofsaaklik beskrywings van die fisiese eienskappe van die kat en die vrou se verhouding met die kat is: die kat se maniere en gedrag, die kat se houding teenoor die vrou, die reuk van die kat se liggaam, die reaksie teenoor die man en die vrou, en die vrou se gedagtes oor die kat (150–1). Hierdie gedeelte is 'n tipe bestudering van die kat deur die vrou, waar die volgende gedeeltes 'n reaksie daarop is en waar die vrou se gedrag self al hoe meer “kat” word, of “ver-kat”, totdat sy self “katvoet” (153, 155) loop. Die titel word begrond in die herhalende gebruik van die woord “kat” in die eerste gedeelte, asook die beskrywings van die vrou se gedrag wat al hoe meer “kat” word in die opvolgende gedeeltes wat parallel met die kat se gedrag vorm.

Die eerste parallel is die kat wat “in die vroeë oggendure terug[kom] van haar middernagtelike jagtog” (150) en die vrou wat terugkom van haar middernagtelike wandeling “kort voordat haar man opstaan vir die nuwe dag” (152). Die tweede parallel is die kat wat “haar in 'n stywe bondeltjie dreunende genot teen die vrou se slapende man vas[druk]” (150) nadat sy teruggekeer het van haar middernagtelike jagtog en die vrou wat terugkeer ná haar nagtelike wandeling en “met 'n yskoue vel styf teen die harde lyf van haar man” inkruip (152). Wanneer die kat terugkeer ná die nag “ruik [die kat] na klam grond en boesmansgras” (150) en die vrou merk op dat “[h]aar vel [...] na klam grond en boesmansgras” (154) ruik wanneer sy haar eie vel beskryf, en verder ruik “sy lyfie [...] na klam grond en boesmansgras” (157) wanneer sy haar kind beskryf: dus is daar drie parallele. Die feit dat ook die kind “na klam grond en boesmansgras” (157) ruik, beteken dat ook die kind dierlike eienskappe verkry deurdat die kind met die kat vergelyk word. Die vrou is dus nie die enigste karakter wat verdierlik nie: ook die kind verkry dierlike eienskappe deurdat hy saam met sy ma beliggam was en só blootgestel was aan haar ervarings. Die kind se geboorte in die natuur gee die kind ook die direkte eerste verbintenis met die natuur en die tweede verbintenis sal die menslike samelewing wees. Die laaste parallel is waar die vrou self, soos die kat, “wellustig spin, al my luste in die donker nag bevredig” (150, 157).

Die titel dui ook op die idiomatiese uitdrukking dat iemand “katvoet loop”: dat hulle sag loop of suutjies loop, of versigtig loop. In hierdie geval kan dit die kat wees wat terugkeer van haar middernagtelike uitstappies en dan ook die vrou wat in die aande gaan stap. Sy stap

“katvoet” (153, 155) en die diere raak lateraan gewoond aan haar teenwoordigheid. Dit dui ook op die feit dat sy verdierlik (“ver-kat”) en dan “katvoet” loop.

Om “katvoet” te loop kan ook beteken om versigtig te loop. In hierdie geval kan die leser vra: Hoekom sal die vrou versigtig loop? Eerstens sal sy versigtig loop in die natuur, want die natuur is vreemd en sy probeer om die diere nie af te skrik nie en ook nie die natuur af te skrik nie. Die volgende woorde dui hierop: “Omdat sy sag loop, is hulle nie verskrik nie” (152). Die vrou loop versigtig in die natuur sodat sy kan aanpas in die natuur. In die menslike konteks loop sy moontlik ook katvoet aangesien sy verander en nie meer dieselfde tipe kontak met mense en die menslike wêreld het as voorheen nie as gevolg van haar inherente dierlike aard wat sterker word en die veranderinge in haar. Sy loop dus katvoet in beide die menslike en natuurlike konteks en dit dui ook op die opheffing van die grense tussen Self en Ander, asook subjek en objek.

7.2 Fenomenologie

Die teks is vanuit die eerstepersoonsperspektief geskryf en fenomenologies bring die vrou al haar ervarings byeen en ’n eenheid word geskep deur die betekenis wat die ervaring vir die vrou inhou. Die intensionaliteit in die teks is die vrou se ervaring dat haar ervaringswêreld uit spesifieke voorwerpe (haar man, die kat, ’n veldmuis, diere, plante), emosies (moedeloosheid, veiligheid, liefde, vryheid, beskermendheid, onrus, vrees), plekke (die Kalahari), ruimtes (haar kamer, die plaaspad, die Kalahariduine), diere (die kat, wildsbokke, gemsbokke, springbokke, blesbokke, bergkwaggas, ’n jakkals, ’n uil), plante (kameeldoring, herdersboom, swarthaak), reuke (klam grond, boesmansgras, reën, wind, die mistigheid van die see, springbok, jakkals), tasbaarheid (die kat se klam pote en koue pels), klanke (haar stewels se sagte geruis oor die sand, die uil wat hoe-hoe, krakende takke) en sensasies (pyn, koue, hitte) bestaan. Haar swangerskap as verskynsel is ’n unieke sinuïglike ervaring wat ook spesifieke betekenis dra. Die leser word blootgestel aan die vrou se ervaringswêreld van verskynsels deur haar ervaringe van die verskynsels en die inherente betekenis van die ervaringe wat deur die vertelling aan die leser oorgedra word. Die leser ervaar die wêreld eerstens deur die vrou en tweedens deur die dier in haar, maar soos wat daar die gelyktydige prosesse van progressie en regressie plaasvind in die verhaal, is ook die leser se ervaringe meer dierlik.

7.2.1 Ervaring en betekenis

Die betekenis van die vrou se ervaringe is onder andere veral gesag, eienaarskap en vryheid (wat saamhang) en ’n vereenselwiging met ’n dierlike aard (wat ’n moederlike aard, beskermingsaard, vrugbaarheid en groei en lewe insluit). Die betekenis van die ervaringe is wat maak dat die vrou as ervarende subjek die ervaringe op ’n spesifieke wyse ervaar en sy is ook bewus van haarself in haar ervaringe. Haar ervaringe is oor spesifieke gebeurtenisse, aksies, emosies, of objekte (byvoorbeeld haar man, die diere of haar swangerskap) en die gebeurtenisse, aksies, emosies en objekte as verskynsels dra sekere betekenis in haar ervaringe.

Die ervaringsbetekenis van gesag en eienaarskap word raakgeles in die vrou se aksies waar sy "haar versigtig los[maak] uit die arms van haar man", ontstaan uit die bed en gaan loop (151). Verder kom sy "ná ’n uur of twee terug" (152), wat dui op gesag. Sy het gesag en eienaarskap in haar aksies as sy die vrou is wat haar "klere uittrek en opkyk na die maan"

(153) en nie deur die samelewing voorgeskryf word wat haar aksies behoort te wees nie. Sy "is die vrou wat by 'n steenbok en haar lam bly tot kort voor dagbreek" (154) en hulle oppas. Hier het sy gesag, nie net in die menslike wêreld nie, maar ook in die diereryk. Sy belowe haar man dat sy sal ophou loop in die nag wanneer haar swanger liggaam dit nie meer kan doen nie (155), wat óók dui op haar gesag en eienaarskap oor haar liggaam. Wanneer sy geboorte gee "teen die helling van 'n rooi sandduin" (156), wys dit ook op haar gesag en eienaarskap, aangesien sy nie in 'n hospitaal is of by 'n dokter is waar die geboorteproses gereguleer word en die hele proses vervreem word van die swanger subjek nie. Hierdie ervaringe van die vrou het die betekenis van gesag en eienaarskap vir die vrou aangesien sy self die besluite oor haar liggaam, haar bewegings en haar aksies neem. Die ervaringsbetekenis gesag en eienaarskap hang ook saam met die betekenis van vryheid.

Die ervaringsbetekenis van vryheid word raakgelees in die vrou se aksies waar sy in die eerste plek in die nag gaan stap, sonder haar man se toestemming. Vir 'n vrou is dit bevrydend om uit die patriargale bestel te beweeg. "Waarheen stap die vrou? Sy weet self nie, maak ook nie saak watter rigting sy loop, noord of suid" (152) wys na die feit dat die vrou absoluut vry is en nie keuses hóéf te maak nie en onbepaald mag beweeg. Derdens is sy "die vrou wat [haar] klere uittrek en opkyk na die maan" (153), wat weer eens 'n aanduiding van haar vryheid is. Vierdens: "Haar man is angstig, bekommerd, probeer haar snags binne hou. Maar daarvan word sy onrustig, soos 'n dier wat vasgekeer is" (155). Die vrou het vryheid buite die konteks van die normale politieke, kulturele en ekonomiese opset van die patriargale gestel waar die vrou die Ander is en die man die Self is. Die vrou gee geboorte in die natuur, wat óók op haar vryheid dui (156).

Die betekenis van die dierlike aard in die vrou se ervaringe word raakgelees waar sy die eerste keer opstaan om te stap en na die ander mense verwys as "[d]ie ander wesens van die wêreld [wat] slaap, in beddens met verekomberse" (151), waar sy 'n skeiding maak tussen haar en die mense wat in hulle beddens bly en slaap. Nou "loop [sy] die nag in" (151) en haar sintuie verskerp, soos wat diere se sintuie skerper is as wat mense se sintuie is: haar sig (152) asook haar reuk (153) verskerp. Die dierlike eienskappe word ook beklemtoon deur die woorde: "mettertyd loop sy heeltemal kaal, kaalvoet, katvoet" (153). "Haar vel ruik na klam grond en boesmansgras" (154) soos wat die kat ook na "klam grond en boesmansgras" (150) geruik het, wat haar direk met die dierlike vergelyk. Sy is die vrou wat met haar "lippe weggetrek en sissend deur [haar] tande [...] seker maak dat daar geen roofdier naby kom nie" (154) en 'n steenbok en haar lam oppas nadat die steenbok geboorte gegee het. Hier het sy heeltemal verdierlik in haar gedrag om 'n ander dier te beskerm en dit is ook die moederlike aard en dierlike aard wat wys. Verder gee sy ook self geboorte in die veld, byt die naelstring deur en krap die nageboorte "onder 'n rooидуin se sand" (156), wat 'n absolute dierlike aksie is.

Die ervaringsbetekenis van haar beskermingsaard en moederlike aard word eerstens raakgelees wanneer sy die steenbok en haar lam oppas (154). Daarna word dit raakgelees in haar aksies: "Onwillekeurig trek sy haar knieë op, vou haar kind toe in die beskerming van haar arms en knieë" (156). Hierdie betekenis kan ook raakgelees word in die aksies van die ander diere wat haar beskerm: die "trop gemsbokke wat in 'n digte drom naby haar kom staan, hulle horings 'n falanks van spiese na buite gedraai" (156). Hierdie moederlike aard en beskermingsaard versterk ook soos wat die verhaal verloop en ook met haar swangerskap. Sy verwys ook na haar liggaam wat "beskermend om die lewe [groei], sy koester dit vreesloos en trots" (154).

7.2.2 Die vrou as eenheidskepper van haar ervaringswêreld

“Ek is die vrou” (151–7) dui op die sentrale verwysingspunt vir al die ervarings en wys dat die vrou die eenheidskepper vir al haar ervarings is (menslik en niemenslik). Die aanhoudende herhaling van hierdie frase plaas klem op die feit dat dit die vrou se ervaringswêreld is waarmee die leser te doen het en sy bring haar ervarings saam as liggaam-in-beweging, liggaam-in-tyd en liggaam-in-ruimte. In hierdie geval is dit die dubbele ervarings van mens en dier, soos wat gesien kan word uit haar menslike ervarings, asook die meer dierlike ervarings. Die vrou is bewus daarvan dat haar ervarings as mens verander en verdierlik aangesien sy bewus is van haarself in haar ervarings, dit wil sê, as die ervarende subjek. Hierdie bewuswording van die veranderinge van haar menslike ervarings wat verdierlik is dus die bewuswording dat die betekenis wat sy heg aan sekere ervarings stelselmatig begin verander. Dit wil sê dat waar sy voorheen vrees sou ervaar indien sy haar in die situasie sou bevind waar sy die steenbok en haar lam sou moes oppas nadat die steenbok geboorte gegee het (154), sy nou outoriteit en mag ervaar.

7.3 Liggaam en liggaamlike eienaarskap

Die vrou se liggaam (*Leib*) is prakties betrokke in haar wêreld en haar perseptuele interaksies en gewaarwordings word verkry deur haar liggaam. Die vrou se ervarings en gewaarwordings lê iewers in die middelpunt tussen haar liggaam en haar “mind” wat die tradisionele binêre opposisie uitdaag. Die vrou word daarom nie noodwendig vereenselwig met die swakker opposisie (liggaam) nie. Haar ervarings het noodwendig met beide haar liggaamlikheid en haar bewussyn, of denke, te doen. Haar liggaam is deel van haar bewustelike bestaan en is as ’n uitvloeisel van haar bewussyn en is die lewende sentrum van haar bestaan, en daarom is haar liggaam die belewende liggaam (Moran 2013:viii). Die skerp sintuiglike waarnemings van die vrou is bewys hiervan: “haar stewels [maak] ’n sagte geruis oor die sand” (151); sy sien skerper in die donker (152); sy hoor “krakende takke” (152); “haar reukvermoë verskerp” (153); sy ruik “die geure van die nag” (153); “[s]y kan ruik as daar reën aankom” (153); sy “ruik as daar springbok of jakkals voor haar in die pad geloop het” (153); sy sien die “silhoeëtte van bome en windpompe” (153); sy sien en hoor “’n [u]il wat sy kop kantel en haar hoe-hoe antwoord” (153); naderhand “loop sy heeltemal kaal, kaalvoet, katvoet” (153); “[s]y kry nooit koud nie, die hitte van haar bloed gloei deur haar hele lyf” (153); sy “klim by haar man in, voel hoe die hitte van sy liggaam haar eie warm maak” (154); “[h]aar vel ruik na klam grond en boesmansgras” (154); “haar liggaam groei beskermend om die lewe, sy koester dit vreesloos en trots” (154); sy ervaar hoe “die warm sand [...] [haar] lieflike kind [ontvang]” (156); sy hoor “[d]ie lang uitgerekte tjank van ’n jakkals” (156); en haar kind se “lyfie ruik na klam grond en boesmansgras” (157). Al hierdie skerp sintuiglike waarnemings van die vrou dien as anker in die vrou se bewussyn en haar liggaam as verwysingspunt en dui daarop dat haar liggaam aktief, lewend en ervarend is. Daarom is haar liggaam juis die belewende liggaam.

“Ek is die vrou” (151–7) verwys na die liggaam wat as sentrale verwysingspunt dien vir al die vrou se sintuiglike waarnemings. Die vrou ervaar haar liggaam as ’n geheel, ’n objek waarvoor sy eienaarskap het, en “[e]k is die vrou” dui op hierdie onverdeelde eienaarskap wat sy ervaar. Na elke herhaling van “[e]k is die vrou” is daar ’n ruimtelike en temporale beskrywing van die vrou se liggaam-in-beweging, liggaam-in-tyd en liggaam-in-ruimte. Hierdie beskrywings bring ook die ervarings saam in ’n eenheid. Die vrou beskryf haar liggaamlike handelings: hoe sy “snags uit [haar] bed opstaan en loop” (151); hoe sy haar

minnaar bemin (152); hoe sy haar “klere uittrek, en opkyk na die maan” (153); hoe sy met haar liggaam “aan die slaap raak teen die warm boomstam van [haar] minnaar se rug” (154); hoe sy met haar liggaam fisiese beskerming bied vir ander diere (154); hoe sy self haar liggaam as vrugbaar ervaar en haar liggaam met die swangerskap voel verander (154); hoe sy “katvoet loop” (155); hoe sy “gloeiend geboorte gee” (156) teen die rooi sandduin; en hoe sy “saam met gemsbokke oor die rooiduine van die Kalahari loop” (157).

Hier verwys “[e]k is die vrou” ook na die subjek (die vrou) se ervaring van *ich kann*, haar vermoëns en mag oor bewegings wat deur haar liggaam uitgevoer word. Die vrou se liggaam is aanvanklik absoluut teenwoordig, maar ook nieteenwoordig in haar bewustelike ervaringe aangesien die aandag op die objekte van die ervaringe is en nie op die ervarende subjek nie. Aanvanklik is die objekte van die vrou se ervaringe die kat en haar man (150–1). Die vrou merk op: “Die kat kom in die vroeë oggendure terug van haar middernagtelijke jagtog” (150); “[d]ie kat kom lê nooit by die vrou nie” (150); “[d]ie kat se pote [...] is klam, haar pels koud van die naglug buite” (150); en “[d]ie kat ruik na klam grond en boesmansgras” (150). Haar waarneming van die man is as volg: “Die kat eis die klein, warm ruimte tussen die man se maag en opgetrekte bene intiem en besitlik op” (150) en die man “reageer, pligsgetrou” (150) op die kat. In die volgende waarneming is die objekte van die vrou se waarneming ander mense: die vrou verwys na ander mense as “[d]ie ander wesens van die wêreld [wat] slaap” (151). Die volgende waarneming van die vrou is die natuur: die vrou verwys na die “Kalahariduine” (151); “[d]ie nagte is soet en vonkelend” (151); “die sjampanje van die nag” (152); die “nagdiere” (152); en “die elektriese trilling van triljoene sterre” (152).

Van hier af is daar egter ’n ommekeer in die vrou se waarneming. Die vrou se liggaam word al hoe meer absoluut teenwoordig in haar ervaringe as die ervarende subjek waardeur die ervaringe plaasvind, maar die ervaringe verander aangesien die vrou se liggaamlike prosesse (aanvanklik haar sintuiglike waarneming) begin verander. Die hele proses waardeur die vrou beweeg vanaf waar sy die eerste keer uit die bed opstaan en in die nag gaan stap is ’n proses waardeur sy al hoe meer bewus word van haar liggaam. Sy word bewus van dit wat goed is aan haar liggaam; haar sig verskerp (152) en haar reuk verskerp (153). Dit is ’n bewuswording van haar liggaam as biologiese organisme en sy funksies. Die objek van die ervaringe word die vrou as biologiese organisme, aangesien dit spesifiek gaan oor haar liggaam en liggaamlike waarneming. Die vrou as beliggaamde subjek transendeer verder die tasbare ruimte en daar vind verdere betekenisvormende bewegings plaas wat deel vorm van die subjek (vrou) se ervaringswêreld.

Die vrou in “Katvoet” word uitgebeeld bloot vanuit ’n natuurlike perspektief en haar verbintenis met die natuur, en daar is nooit uitdruklike verwysings na ’n kulturele, sosiale, geskiedkundige of ekonomiese situasie waarin sy is nie. Die vrou het egter die vermoë om die tipiese situasie wat deur die samelewing gestel word te transendeer aangesien sy eenvoudig net kan gaan stap in die nag, sonder enige beperkinge wat die samelewing, of haar man, vir haar stel. De Beauvoir se beskrywing van die vroulike liggaamlikheid en belewende liggaam fokus meestal op die vrou se fisiologiese eienskappe: die vrou in “Katvoet” word meestal uitgebeeld deur te verwys na fisiologiese eienskappe van haar vroulikheid. Daar word verwys na die vrou se fisiese liggaamlikheid, en spesifiek haar vroulikheid, deur die verwysings na haar liggaam se veranderinge tydens swangerskap. “Haar liggaam groei beskermend om die lewe” en haar liggaam wat “uitbot soos ’n tamma” is verwysings na haar vroulikheid.

In “Katvoet” word die vrou se liggaamlikheid gekenmerk deur dubbelsinnige transendensie, geïnhibeerde intensionaliteit en ’n onderbroke eenheid met die omliggende. Alhoewel die vrou in die nag gaan wandel (wat ’n breuk met die normale vroulike liggaamlikheid verteenwoordig), is daar beperkinge wat op haar liggaamlikheid geplaas word, veral tydens swangerskap. Tydens haar swangerskap is die vrou se fokus op haar liggaam, veral haar baarmoeder, waar die groei en ontwikkeling plaasvind. Dit beteken dat die vrou ’n onderbroke eenheid met die omliggende toon: “Haar liggaam groei beskermend om die lewe, sy koester dit vreesloos en trots.” Die baie verwysings na die vrou se liggaamlikheid dui daarop dat die vrou ingestel is op haar liggaam, haar liggaam se vermoëns en beperkinge. Die dubbelsinnigheid van die vrou se bestaan word dus herbevestig in die verhaal: as mens is die vrou ’n vrye subjek met die vermoë tot transendensie, maar as gevolg van die vrou se situasie (in hierdie geval haar liggaamlike situasie as swanger vrou) is die vrou beperk tot die mate waartoe sy die transendensie kan uitleef of nastreef. Hierdie perspektief wat uit die verhaal kom, laat die leser vra of die vrou beperk word deur die situasie waarin die samelewing haar plaas (moederskap), en of dit haar fisiologiese eienskappe is wat haar beperk (as swanger subjek). Die vrou se bestaan word weer eens beperk deur haar ervaring dat haar liggaam ’n objek is.

7.4 Intersubjektiviteit

In “Katvoet” verkeer die vrou hoofsaaklik intersubjektief in wisselwerking met diere en met slegs twee menslike karakters: haar man en haar kind (as fetus en pasgebore baba). Aan die begin van die verhaal is daar ’n wisselwerking tussen die vrou en die kat wat plaasvind en die vrou word nuuskierig oor die kat se dierlike natuur. Die verteller wys op die kat se nagtelike, dierlike natuur: “Snags word sy ’n swerfkate, ’n teef, ’n wolvin, ’n glimmende roofdier”, teenoor die kat se natuur wat in die dag vertoon word: “hierdie kat wat bedags beeldskoon en afsydig op die vensterbank van die voorhuis sit, kop hoog en rysig opgelig, stert in ’n elegante halfsirkel om haar agterlyf gevou, die oë koper skrefies teen die son” (150). Hierdie twee nature wat voor die vrou afspeel, maak haar bewus van die verskillende nature van die kat en lok haar na die buitelewe en die nagtelike lewe. Die betekenis wat hierdie aksies van die kat vir die vrou inhou, is ook dié van bevryding, aangesien die vrou uit haar menslike en daaglikse natuur gelok word en bevry word deur die nagtelike en liminale te betree.

Nadat die vrou snags begin stap, noem die man dat die vrou begin verander het nadat sy begin stap het: sy is “rustiger vandat [sy] dit doen” (152) “en ’n veel vuriger minnares” (152). Die man en vrou is intersubjektief asook interliggaamlik verbind, ook as gevolg van die feit dat hulle omgang het. Die vrou word swanger en beide die man en die vrou se verhouding teenoor die vrou se liggaam verander. Die man is bekommerd oor die vrou se veiligheid wanneer sy in die nagte gaan stap wanneer hy vir haar sê: “Sal jy ophou om snags te loop as dit te veel word [...] Sal jy stop as jy moeg word? Sal jy sorg dat jy nie te ver loop nie?” (155). Aangesien dit die man se kind is wat binne-in die vrou se liggaam groei, is daar ’n verandering teenoor haar liggaam. Daar is nou iets tasbaar van hom wat deel is van haar liggaam.

Wanneer die vrou op die plaas gaan stap, verkeer sy intersubjektief met van die ander diere op die plaas. Aan die begin is daar ’n sterk skeiding tussen die vrou en die diere en die rolle is dié van die vrou as Self en die diere as Ander. Haar interaksies met die diere verander egter soos wat die tyd verloop en ook die verhouding van Self en Ander verander: “Aan die begin het sy net die wildsbokke hoor proes, die senuweeagtige wegspring tussen krakende takke

gehoor soos hulle wegvlug van haar nabyheid” (152). Maar later aan kom “[d]ie diere van die nag [...] haar tegemoet, snuif mettertyd aan haar uitgestrekte hande” (154); “[s]y steek haar hand uit na die bewerige klein bokkie wat orent kom” (154). Verder pas die gemsbokke haar op nadat sy self geboorte gegee het en ’n roofdier dreigend nader kom (156). Dit is duidelik dat daar ’n wisselwerking van betekenis tussen die vrou en die diere plaasvind wat tasbaar is, maar ook die tasbare transendeer en gelaai is met simboliese betekenis.

Die intersubjektiewe handeling wat plaasvind tussen die vrou en haar ongebore kind is nog baie primitief en ook nieverbaal, soos wat sy ook met die diere kommunikeer. Die vrou verwys na die “kloppende hart onder haar hart, ’n stukkie smeulvuur wat van diep binne haar groei” (154) en “[h]aar liggaam groei beskermend om die lewe, sy koester dit vreesloos en trots” (154). Die primitiewe verhouding is ’n verhouding van beskerming en groei. Die vrou ervaar hierdie verhouding as ontwikkelend en voortdurend veranderend. Sy bevind haar in ’n liminale tydperk waar die intersubjektiewe kommunikasie, wat in hierdie geval ook interliggaamlik is, bepalend sal wees vir die verhouding wat die vrou en die kind in die toekoms sal hê. Die vrou se liggaamlike prosesse is so nou verwant en het so ’n direkte invloed op die kind dat die intersubjektiewe en interliggaamlike kommunikasie op ’n baie direkte wyse plaasvind. Verder noem sy dat dit haar “baba se klein sieletjie” (155) is wat haar elke nag roep om buite te wees. Die kind binne-in haar lok haar na die nagtelike en dierlike lewe.

7.5 Die vrou

Met die vrou se swangerskap ontdek sy as’t ware haar vrugbaarheid en haar skeppingskrag en word sy bewus van haar liggaam wat besig is om ’n nuwe lewe te skep: “Ek is die vrou wat vrugbaar is, wat uitbot soos ’n tamma in ’n reënjaar tussen die duine” en “[my] liggaam groei beskermend om die lewe [en ek] koester dit vreesloos en trots” (154). Sy word bewus van hierdie tydelike proses van groei en ’n proses van verandering: haar liggaam verander en haar liggaamlike prosesse verander. Daar is geen aanduiding aan die begin van die teks dat die vrou bewus is van haar skeppingskrag of haar baarmoeder as ruimte waar skepping plaasvind nie, maar eers later, nadat sy swanger is, verwys sy na hierdie gedeelte van haar liggaam en hierdie inherente skeppingskrag.

Waar die tyd van swangerskap gewoonlik as ’n wagperiode beskou word, word dit in “Katvoet” uitgebeeld as ’n aktiewe proses, veral deur die vrou wat self aktief is tydens haar swangerskap. Haar aktief-wees is simbool vir die verandering, beweging en groei wat die swanger subjek ervaar en hierdie betekenis word aan die leser oorgedra. Al is die vrou swanger, “hou sy nie op met loop nie” (154) en is dit haar “baba se klein sieletjie [wat] haar elke nag roep om uit te gaan” (155). As haar man “haar snags [probeer] binne hou [...] word sy onrustig, soos ’n dier wat vasgekeer is” (155). Die “baba se klein sieletjie [wat] haar elke nag roep om uit te gaan” (155) is ook simbool van hoe die swanger subjek die ervaring as aktief ervaar.

Wanneer die vrou stap, is dit ’n liminale ruimte wat sy betree wat as simbool staan vir al die digotomieë waarvoor sy te staan kom tydens haar swangerskap: dit is ’n ruimte tussen die Self en die Ander, die subjek en die objek, ek en nie-ek, eie en vreemde, die verlede en die toekoms, asook die binneste en buitenste ruimtes van haar liggaam. Dit is ’n liminale ruimte waar die vrou al hierdie digotomieë tydelik kan ophef tydens haar swangerskap om hierdie teenstrydighede binne en ook buite haarself te versoen om sin te maak van die wêreld. Deur

haar nagtelike wandeling leer sy haar liggaam beter ken en is sy só meer in beheer van haar liggaam. Sy noem self aan haar man: “Ek ken my liggaam” (155). Verder ook: “Die dokter is beïndruk met haar gesondheid, haar fiksheid, die soepelheid van haar spiere” (156) wat wys dat haar nagtelike wandeling ’n goeie invloed op haar liggaam en gesondheid het. Verder is dit “haar baba se klein sieletjie wat haar elke nag roep om uit te gaan” (155) wat daarop dui dat die Ander wat binne haar is, ook na hierdie opheffing van die digotomieë smag sodat daar versoening kan plaasvind.

Alhoewel die vrou se bewussyn van haar baarmoeder en haar skeppingskrag eers tydens die swangerskap ontwikkel, vervaag die grense tussen dit wat sy as innerlik en uiterlik van haar liggaam ervaar en dit word later aan eerder ’n aaneenlopende ruimte, aangesien die innerlike in die uiterlike manifesteer. Die woorde “[e]k is die vrou wat vrugbaar is, wat uitbot soos ’n tamma in ’n reënjaar” (154) verwys na hierdie werklikheid en manifestasie wat innerlik én uiterlik van haar liggaam plaasvind. Die vrou ervaar die grense van haar liggaam as vloeibaar: groeiend, wisselend en veranderend. Sy vergelyk haar veranderende liggaam met die verandering van ’n boom se groei en dit dui ook op die vereenselwiging met die natuur en die natuur se aard. Die vrou se ervaring van die geboorte van die steenbokkooi se lam skep ’n bewussyn by haar oor die aaneenlopende ruimte tussen die innerlike en die uiterlike van die liggaam en dat die grense tussen die innerlike en die uiterlike vervaag en eerder vloeibaar is tydens swangerskap.

Die vrou verwys na die “kloppende hart onder haar hart, ’n stukkie smeulvuur wat van diep binne haar gloei” (154), wat dui op die bewussyn van die skeiding tussen ’n Self en ’n Ander, alhoewel die Ander steeds deel van haar liggaam is. Die vrou se “liggaam groei beskermend om die lewe, sy koester dit vreesloos en trots” (154) wat toon dat sy die kind as deel van haar liggaam ervaar en daarom as haar eiendom ervaar, alhoewel haar liggaam vir haar anders as vantevore is. Hierdie beskrywing dui ook op die vrou se ervaring dat sy fisies deel is van die skeppingsproses. Verder toon dit dat die vrou die veranderinge in haar liggaam en liggaamlike prosesse waarneem. Die vrou ervaar haar liggaamlike vorm as anders as vantevore en die vrou as Self ervaar die liggaam dus gedentraliseer. Haar fokus is nou op haar middellyf saam met haar kop.

Met die vrou se swangerskap ervaar sy dubbele sensasies, aangesien die kind in haar tegelyk subjek en objek is en daarom as beide ervaar kan word. Sy verwys hierna wanneer sy noem dat sy “met ’n kloppende hart onder haar hart” [loop], “’n stukkie smeulvuur wat van diep binne haar gloei” (154). “Ek is die vrou wat vrugbaar is, wat uitbot soos ’n tamma in ’n reënjaar tussen die duine” (154) dui op hierdie dubbele sensasies waar die subjek terselfdertyd ook objek is en bewus is daarvan dat sy objek en subjek is. Hier is dit die grense van die liggaam wat oorskry word en die liggaam as verwysingspunt word oorskry aangesien die fetus tegelyk subjek en objek is. Die subjek word aangeraak as objek, maar is ook objek-as-subjek en subjek-as-objek.

Met die geboorteproses is daar ’n tydelike opheffing van die vaste pole tussen die innerlike en uiterlike, Self en Ander, subjek en objek, en ek en nie-ek, en met die kind se geboorte is die kind fisies ’n werklikheid wat afsonderlik van die vrou se liggaam manifesteer en betekenis dra vir die vrou. Sy “is die vrou wat die naelstring deurbyt” (156) en die absolute fisiese ambivalente eenheid tussen die ma en die kind is verbreek. Die vrou en die kind sal van nou af elke dag ’n meer afsonderlike identiteit skep. Na die kind se geboorte is daar die bedreiging van roofdiere in die omtrek en die vrou “vou haar kind toe in die beskerming van

haar arms en knieë” (156), en die vrou is intens liggaamlik betrokke by haar kind. Dit is ’n moederlike en beskermende aksie wat die vrou uitvoer en ook ’n moederlike instink wat manifesteer. Die vrou beskerm haar kind tot in die oggend wanneer sy veilig tot by die huis kan stap waar sy veilig terugkeer na die menslike wêreld en in die bed klim by haar man (157). Die vrou se interaksie met die kind vind ook op ’n sintuiglike vlak plaas waar sy waarneem dat die kind ruik na “klam grond en boesmansgras” (157). Hierdie waarneming is nuut vir haar, aangesien die kind vir die eerste keer nie meer deel is van haar liggaam nie en sy vir die eerste keer waarneminge oor die kind kan maak wat nie direk verband hou met haar eie liggaamlikheid nie. Hierdie waarneming is dus ook die eerste waarneming wat ’n bevestiging is van die feit dat die vrou en haar kind nou afsonderlik beliggaam is.

7.6 Die dier

In “Katvoet” word die vrou se verhouding met die dier in haar versterk en daarom kan daar gesê word dat sy haar verhouding met haarself as mens versterk. Die vrou kyk deur die “antropologiese masjien” na die dier en sien haarself as gevolg van haar verskille met die dier. Die vrou maak haarself los van haar menslike natuur en kyk in die dierlike natuur in: daar kan gesê word dat sy in die dierlike natuur inkyk wat inherent in haarself is. Haar sintuie begin te verskerp: “Haar reukvermoë verskerp, sy leer die geure van die nag” (153). Haar sig verskerp: “Hoe meer sy stap, hoe skerper sien sy in die donker” (152). Die manier waarop die diere haar teenwoordigheid later aan aanvaar, wys ook dat sy haarself losgemaak het van haar menslike natuur. Daar vind ontwikkeling in haar karakter plaas waar sy die dierlike binne-in haarself nie meer soveel bedwing nie, en daarom aanvaar die diere haar teenwoordigheid en hulle gedrag teenoor haar begin verander: “Aan die begin het sy net die wildsbokke hoor proes, die senuweeagtige wegspring tussen krakende takke gehoor soos hulle wegvlug van haar nabyheid [...] maar soos wat die weke, maande verbygaan [...] sien sy [...] [h]ulle [...] staan haar doodluiters en aankyk” (152). Die diere begin selfs om interaktief met haar om te gaan. Later aan kom “[d]ie diere van die nag [...] haar tegemoet, snuif mettertyd aan haar uitgestrekte hande” en “[s]y steek haar hand uit na die bewerige bokkie wat orent kom” (154).

Die vrou se fisieke optrede teenoor haar man word ook meer dierlik: die beskrywings dui daarop dat sy “’n veel vuriger minnares is” en dat sy “’n bloedspoor oor sy vel kruip [en haar] naels in sy rug slaan” (152). Die beweging van die naels wat in die vel geslaan word, is duidelik ’n verwysing na ’n kat se bewegings en weer ’n parallel met die kat. Op hierdie punt bring sy die dierlike maniëres in die menslike wêreld in en die twee wêreldes word tydelik gelykgestel. Nadat sy vir ’n tyd al in die nag geloop het en haar man haar wil keer om in die aand te gaan stap “word sy onrustig, soos ’n dier wat vasgekeer is” (155), wat ook dierlik is. Sy is “die vrou wat die nag nodig het, soos suurstof” (155), wat dui op haar gehegtheid aan haar nagtelike wandeling en haar gehegtheid aan die natuur en haar dierlikheid.

In “Katvoet” is dit duidelik dat die dier in sy dierlike natuur ingewef bly. Die kat kom ná “haar middernagtelike jagtog” (150) terug en alhoewel sy bedags ’n ander natuur vertoon as wat sy in die nag vertoon, is sy steeds ingewef in haar dierlike natuur en word sy deur haar biologiese dryfkragte gedryf. Soms kom die kat “terug met ’n veldmuis in haar bek” (150), wat dui op haar jagtersinstink, en ander kere “druk [sy] haar in ’n stywe bondeltjie dreunende genot teen die vrou se slapende man vas” (150), wat ook dui op die basiese dierlike instink. Dit is die vrou wat dit regkry om die grense tussen dier en mens oor te steek en ook oor en weer te beweeg. Sy maak haarself los van die rasonele en betree die dierlike wêreld, en sy

kan ook weer terugkeer na die menslike wêreld. Sodra sy “snags uit [haar] bed opstaan en loop” (151), die natuur in en die ruimte van die Ander betree, oorskry sy die grense tussen dier en mens. Hoe verder sy loop en hoe meer tyd sy in die natuur en saam met die diere spandeer, hoe meer laat sy haar menslike natuur agter, totdat haar gedrag ook verdierlik.

Die ander mense bly egter ook ingewef in die menslike wêreld en die vrou laat hulle daar wanneer sy die grense tussen die twee ruimtes oorskry: “Die ander wesens van die wêreld slaap, in beddens met verekomberse of onder koel lakens, in matjieshuise onder karosse, in krotte, strukture, huise, tevrede om beskut en uit die swart alsem van die nag te wees” (151). Die feit dat die ander mense as “ander wesens” (151) beskryf word, dui op die feit dat die vrou ’n onderskeid tussen haar en die ander mense tref. Aangesien die vrou die grense oorskry het en in ’n liminale ruimte beweeg, word daar ’n kategorieëse onderskeid tussen haar en die ander mense getref, en daar is ’n ontologiese verskil: sy is tydelik nie meer volledig mens wanneer sy die wêreld van die dier betree nie. Die ander mense is ook “tevrede om beskut” (151) te wees van hierdie wêreld, wat dui op ’n tevredenheid om onkundig te wees van hierdie dierlike natuur waarmee die vrou bekend word.

Die vrou eien die dierlike eienskappe wat inherent in haar teenwoordig is en sy identifiseer met die dier, en haar interaksies met die dier bevestig hierdie identifikasie. Die vrou ervaar die wêreld deur haar dierlike natuur: deur haar dierlike oë, mond, pote (“katvoet”) en wese wat inherent in haar teenwoordig is. Wanneer sy met die diere kommunikeer, is dit ook die dier in haar wat met die diere kommunikeer. Weer eens kom “[d]ie diere van die nag [...] haar tegemoet, snuif mettertyd aan haar uitgestrekte hande” (154) en “[s]y steek haar hand uit na die bewerige bokkie wat orent kom” (154). Hierdie fisieke kommunikasie tussen die vrou en die diere is interliggaamlik en dit is die dier in die vrou wat fisies met die diere kommunikeer. Wanneer sy “by ’n steenbok en haar lam bly tot kort voor dagbreek” met haar “lippe weggetrek en sissend deur [haar] tande” (154) om die steenbok en haar lam op te pas is dit weer eens die dier in haar wat reageer en optree. Wanneer sy en die diere na mekaar kyk, is dit die dier in haar wat deur haar oë kyk: “Hulle [...] staan haar doodluiters en aankyk” (152), “[g]roukatte se oë wat glim in die duister” (153), en “’n glimmende roofdier wat groen na haar gluur” (156).

Aan die begin verwys die vrou na haar “mensreuk” wat in die diere se “neusgate lê” (152) en hierdie reuk verjaag die diere. Die vrou trek naderhand haar klere heeltemal uit wanneer sy in die aand gaan stap: “Ek is die vrou wat my klere uittrek en opkyk na die maan” (153). Deur hierdie aksie maak sy haarself heeltemal los van haar menslikheid en die menslike wêreld. Hiermee is daar ook nie meer ’n onderskeid tussen haar en die diere nie, aangesien dit klere is wat ’n onderskeid tref tussen mense en diere. Wanneer die vrou in die nag gaan stap en haar klere uittrek, het sy ’n onskuldigheid wat daarmee saam kom wat maak dat dit voorkom asof sy nie kennis dra van goed of sleg wat saam met die kennis van naaktheid kom nie; al waarvan sy kennis het, is haar instinkte. Dít is duidelik waar sy byvoorbeeld met haar “lippe weggetrek en sissend deur [haar] tande” (154) die steenbok en haar lam oppas, sowel as waar sy “die naelstring deurbyt, die nageboorte wegkrap onder ’n rooiduin se sand” (156) nadat sy self geboorte gegee het.

Die vrou transendeer die grense wat deur menslike kennis van goed en sleg gelê is deurdat sy haar klere uittrek en nie ’n bewussyn toon dat dit haar enigins pla nie en dat sy slegs kennis van haar instinkte toon. Sy het ’n eenvoudige aanvaarding van die toestand van naaktheid. Aangesien sy nie in die aanwesigheid van enige ander mense is nie, hoef sy haar nie te steur

aan die feit dat sy naak is en die skaamte wat daarmee saam kom nie, aangesien daardie kennis haar nie hoef te pla nie. Sy kan net eenvoudig as naak as sodanig bestaan. Sy hoef nie te identifiseer dat sy skaam hoef te wees nie en dit maak haar tydelik vry. In die ruimte waar daar nie kennis van goed of sleg is nie, is daar net instinkte en biologiese dryfkrigte om te vertrou.

Met die kind se geboorte is die kind natuurlik ook naak, maar die kind word ook nie onmiddellik toegedraai in 'n kombers of met klere aangetrek soos wat die moontlikheid sou wees indien die geboorte in 'n menslike omgewing sou plaasvind nie. Die kind ken dus ook net die naaktheid waarmee hy aanvanklik kennis maak. Hy word nie onmiddellik blootgestel (of dit bewustelik of onbewustelik sou wees) aan die kennis van goed en sleg deurdat hy toegedraai sou word in 'n kombers of met klere aangetrek sou word nie. Verder word hy ook naak in die bed neergelê wanneer die vrou by die huis kom, en sy merk op dat “[s]y lyfie [...] na klam grond en boesmansgras” (157) ruik, wat nie die normale reuke van 'n pasgebore kind sou wees wat pas gebad is en met allerhande wasmiddels bygedam is nie. Die kind is baie nader aan die natuur en ook verdierlik soos die vrou deur die hele proses waardeur sy verdierlik het. Hierdie woorde dui ook op die kind se liggaamlike verbondenheid aan die natuur.

7.7 Die vrou en die natuur in “Katvoet”

Alhoewel die vrou haarself losmaak van die tasbare patriargale strukture deurdat sy die natuur betree, kan daar gevra word of die patriargale strukture juis nie herbevestig word in die verhaal nie: die terme en binêre opposisies *natuur* en *kultuur*, en *mens* en *dier*, is mensgemaakte terme en opposisies wat die Westerse idees en patriargale sisteme herbevestig. Die bykans idealiserende en verromantiserende wyse waarop die vrou en die natuur uitgebeeld word, herbevestig die vrou se verbintenis met die natuur teenoor die samelewing, of kultuur. Verder is dit eerder die vrou se liggaamlikheid en dierlikheid wat met die natuur verbind word en nie die man se liggaamlikheid of potensiële dierlikheid nie: dit is 'n herbevestiging van die samelewing se konstruksies. Die vrou se verbintenis met 'n kat, spesifiek, is moontlik ook 'n baie negatiewe verbintenis: die vrou maak katbewegings wanneer sy “met [haar] tong en vingerpunte 'n bloedspoor oor sy vel kruip” (152) en die vrou loop “katvoet” (155). Ook die dierlike en natuurreuke waarmee die vrou geassosieer word, bevestig die dierlikheid: die “klam grond en boesmansgras” (154). Verder word die vrou met die dierlike geassosieer wanneer sy haar “klere uittrek en opkyk na die maan” (153), waar sy die kultuur en samelewing van haar verwyder deur hierdie aksie.

Die vrou “wat vrugbaar is, wat uitbot soos 'n tamma in 'n reënjaar” (154) word weer eens vergelyk met natuurbeelde en -fenomene. Wanneer die vrou verwys na die “ander wesens van die wêreld [wat] slaap, in beddens met verekomberse of onder koel lakens [...] tevrede om beskut [...] te wees” (151), is die vrou in opposisie met die samelewing. Die vrou beskou dit as belangrik om haarself oor te gee “aan die sjampanje van die nag, aan nagdiere” (152). Die vrou kom “ten volle geklee by die huis [aan]” (153), wat daarop dui dat sy die opposisie tussen die natuur en die samelewing ervaar en bevestig. Volgens die man kan “[g]leen mens op aarde [...] sy nagvrou keer nie” (155), wat op 'n dierlike natuur dui en die dierlike in sy vrou beklemtoon en bevestig. Sy is soos 'n dier wat nie beheer kan word en ten volle deur mense verstaan kan word nie. Die vrou het “die nag nodig [...] soos suurstof” wat op haar sterk verbintenis met die natuur dui en dat sy amper verslaaf is aan hierdie inherente eienskap

van haarself. Deur die assosiasie met die dierlike en die natuur word die vrou ook onmiddellik as eenvoudig en onverwikkeld uitgebeeld.

Die rol van taal in die bevestiging van die vrou se verdierliking en verhouding met die natuur is ook interessant. Die natuur word deur die mens benoem en dit is duidelik in die woord “boesmansgras” (150, 154, 157) wat drie maal voorkom in die verhaal. Ook die feit dat dit die “baba se klein sieletjie” (155) is wat haar elke nag uitroep na die natuur bring hierdie sterk kontras tussen kultuur en die natuur na vore: die konsep en woord “siel” is deur die mens geskep en daar is niks dierliks of instinktief aan die begrip nie. Dit is daarom juis ’n kontras met die idee dat die vrou verdierlik en meer geheg raak aan die natuur. Die vrou wat sterker verbind raak aan haar liggaamlikheid en die ontwikkeling en verandering van haar liggaam, dui verder op die spanning tussen die binêre opposisie van die liggaam en die “mind”. Die vrou word weer eens vergelyk met die ondergeskikte of supplementêre element in die binêre swakker opposisie, naamlik liggaam. Verder word die vrou verbind met die konsep “nag” teenoor “dag”, waar nag weer eens met die natuur en die konstruksie van die vroulike verbind word en die dag met die manlike en kultuur verbind word.

Die verhouding tussen die vrou en die diere word bykans soos ’n sprokiesverhaal uitgebeeld: die diere wat later aan gewoon raak aan die vrou se teenwoordigheid in die natuur (154), wat haar beskerm teen roofdiere (156), en wat haar huis toe begelei nadat sy geboorte gegee het in die natuur (157). Hierdie mitologiese, of sprokiesagtige, uitbeelding van die vrou se verhouding met die diere en die natuur dui op ’n geantropomorfiseerde voorstelling wat in kontras staan met die vrou se verdierliking. Die vrou se verdierliking en haar verhouding met die diere is, in die geheel, ’n verhouding en beeld vanuit die menslike perspektief wat deur taal en kultuur geskep word.

8. Ten slotte

Riana Scheepers se verhaal “Katvoet” bied interessante moontlikhede vir ontleding wanneer die teks vanuit die fenomenologiese perspektief benader word. Die titel “Katvoet” gee reeds ’n aanduiding van die dubbele aard van die vrou in die verhaal en haar dubbele ervaringe deur beide die mens en die dier se bewussyn en gewaarwordinge. Fenomenologies bied die verhaal die eerstepersoonsperspektief en die vrou as fokalisator waardeur die leser direk blootgestel word aan die vrou se ervaringe en die betekenis van die vrou se ervaringe. Die vrou se ervaringe dra meestal die betekenis van gesag, eienaarskap, vryheid en die vereenselwiging met ’n dierlike aard, en hierdie betekenis vorm deel van wat die vrou se ervaringswêreld skep en wat haar as die eenheidskepper van haar ervaringswêreld kenmerk. Die vrou se liggaam word gekenmerk deur haar aktiewe, lewende en ervarende praktiese betrokkenheid en daarom kan haar liggaam as die belewende liggaam beskryf word. Intersubjektief is die vrou in wisselwerking met die kat, haar man, diere en haar ongebore kind, asook die kind net na geboorte. Hierdie verhoudings is ook ingewikkeld en betekenisgelaai met verskeie aspekte van haar ervaringswêreld wat in die verskillende omstandighede betrek word.

Met die swangerskap word die vrou bewus van haar liggaam se skeppingskrag, en haar verhouding teenoor haar liggaam verander. Die verhouding met die ongebore kind is tegelyk die verhouding tussen die Self en die Ander, subjek en objek, ek en nie-ek, eie en vreemde,

die verlede en die toekoms, asook die binneste en buitenste ruimtes van haar liggaam, en hierdie digotomieë word versoen en opgehef deur die vrou se verdierliking en bewegings in 'n liminale ruimte. Die vrou se verhouding met die inherente dier in haar versterk deurdat sy die dier in haar nie meer bedwing nie, en daarom aanvaar die diere haar teenwoordigheid. Die vrou se gedrag verdierlik al hoe meer deur die verhaal heen totdat sy terugkeer na die huis nadat sy geboorte gegee het in die natuur en tot 'n mate terugkeer na die menslike wêreld. Daar is egter steeds 'n vereenselwiging met 'n dierlike natuur in die slotsin van die verhaal: "Ek is die vrou wat wellustig spin, al my luste in die donker nag bevredig" (157). Die uitbeelding van die verhouding tussen die vrou en die natuur bied interessante perspektiewe oor die konsepte *natuur* en *vrou*.

Hierdie navorsing gee 'n nuwe blik op die verskynsel van die liggaam, liggaamlike eienaarskap, die vrou, die ervaring van swangerskap en die ervaring van die vrou se swanger liggaam, veral in die Afrikaanse letterkunde. Die fenomenologie bied 'n interessante perspektief op hierdie verskynsels en 'n vars invalshoek vir die ontleding van 'n teks.

Bibliografie

- Agamben, G. 2004. *The open: man and animal*. Stanford: Stanford University Press.
- Alaimo, S. en S. Hekman. 2008. *Material feminisms*. Bloomington, Indianapolis: Indiana University Press.
- Bergoffen, D. 2014. Simone de Beauvoir. *Stanford encyclopedia of philosophy*. <http://plato.stanford.edu/entries/beauvoir> (15 Maart 2015 geraadpleeg).
- Blake, H., A. Jardine en J. Kristeva. 1981. Women's time. *Signs*, 7(1):13–35.
- Cerbone, D.R. 2006. *Understanding phenomenology*. Durham: Acumen.
- De Beauvoir, S. 2011 [1949]. *The second sex*. New York: Vintage Books.
- Derrida, J. 2008. *The animal that therefore I am*. New York: Fordham University Press.
- De Vignemont, F. 2011. Bodily awareness. *Stanford encyclopedia of philosophy*. <http://plato.stanford.edu/entries/bodily-awareness> (20 Julie 2015 geraadpleeg).
- Drummond, J.J. 2007. *Historical dictionary of Husserl's philosophy*. Lanham: Scarecrow Press.
- Ey, H., M. Natanson en E.W. Straus. 1969. *Psychiatry and philosophy*. New York: Springer-Verlag.
- Gallagher, S. en D. Zahavi. 2014. Phenomenological approaches to self-consciousness. *Stanford encyclopedia of philosophy*. <http://plato.stanford.edu/entries/self-consciousness-phenomenological/#BodSelAwa> (17 Maart 2016 geraadpleeg).

Grosz, E. 1994. *Volatile bodies: toward a corporeal feminism*. Bloomington, Indianapolis: Indiana University Press.

Jensen, R.T. en D. Moran. 2013. *The phenomenology of embodied subjectivity*. Cham, Heidelberg, New York, Dordrecht, Londen: Springer.

Love, G.A. 2003. *Practical ecocriticism: literature, biology and the environment*. Londen: University of Virginia Press.

Merleau-Ponty, M. 2005. *Phenomenology of perception*. Londen, Parys: Routledge.

Meyers, D. 2010. Feminist perspectives on the self. *Stanford encyclopedia of philosophy*. <http://plato.stanford.edu/entries/feminism-self> (15 Maart 2015 geraadpleeg).

Rich, A. 1976. *Of woman born*. New York, Londen: W.W. Norton.

Scheepers, R. 2009. *Katvoet*. Kaapstad, Pretoria: Human & Rousseau.

Smith, D.W. 2013. Phenomenology. *Stanford encyclopedia of philosophy*. <http://plato.stanford.edu/entries/phenomenology> (4 Februarie 2016 geraadpleeg).

Smith, D.W. en A.L. Thomasson. 2005. *Phenomenology and philosophy of mind*. Oxford: Clarendon Press.

Toadvine, T. 2014. The time of animal voices. *Konturen VI*, 2:22–40.

Warren, K.J. 2015. Feminist environmental philosophy. *Stanford encyclopedia of philosophy*. <http://plato.stanford.edu/entries/feminism-environmental> (23 Junie 2016 geraadpleeg).

Young, I.M. 1990. *Throwing like a girl and other essays in feminist philosophy and social theory*. Bloomington, Indianapolis: Indiana University Press.

Eindnota

¹ Bladsynommers sonder bronverwysing verwys na *Katvoet* (Scheepers 2009).